

HOOFSTUK 7

7.0.0. GEDIGTE WAT OOR PERSONE HANDEL

7.1.0. INLEIDING

Elke Motswana het benewens sy eienaam ook 'n prysnaam wat met die staat of volk in verband gebring word. Die prysliedkunstenaar (mmoki) gebruik hierdie name om die lof van 'n gesiene persoon te besing (Breed 1956:27-33). Aanvanklik is hierdie sogenaamde prysliedere deur die kinders wat die inisiasieseremonie ondergaan, geskep. Omdat die seremonies by die Batswana verdwyn het, word hierdie werk deur moderne digters voortgesit (Schapera 1965:1-7). In hierdie gedigte word die groot dade van belangrike persone weergegee.

L.D. Raditladi het ook 'n aantal persone en gebeurtenisse in sy bundel besing. Hoewel hierdie gedigte slegs deur een kunstenaar geskep is, bevat dit baie elemente wat ook in die tradisionele prysliedere bestaan. Die tradisionele pryslied is deur verskeie kunstenaars geskep. Elkeen het bygelas of weggelaat soos die omstadighede dit vereis het.

Hierdie groep bestaan uit ses gedigte. Elkeen handel oor 'n ander persoon of gebeurtenis.

In 'BABOKI BA DIKGOSI' beskryf die digter die optrede van die tradisionele prysliedkunstenaars.

In 'KGOSI KGAMA' besing die digter die lewe van Kgama III.

'RADITLADI A SEKGOMA' handel oor die lewe van die digter se oupa.

'LEKGASA LOO SEKGOMA' handel oor die ballingskap van Sekgoma.

In 'ISANG A LENTŠWE' beskryf die digter die lewe van die regent van die Bakgatla.

'KGOSI TŠHAKA' handel oor die regering van die beroemde Zoeloekoning.

'DINGANA LE MABURU' handel oor die moord op Retief en sy manne.

7.2.0. BABOKI BA DIKGOSI / PRYSLIEDKUNSTENAARS

7.2.1. INHOUD VAN DIE GEDIG

Die prysliedkunstenaar het die deugde van 'n hoë persoon besing. Hy maak gebruik van byname om die persoon te eer (Schapera 1965:25-42). Slegs die heldedade word besing; mislukkings daarenteë, word nie eers genoem nie. As die hooggeplaasde persoon beledig sou word, betaal die pryslied= kunstenaar met sy lewe daarvoor.

Die psigologiese betekenis van die titel moet gesoek word in die lief en leed van die persone wat deur die koning aangestel is om sy heldedade te besing.

Nie net die eienskappe van die prysliedkunstenaar nie, maar ook die lofuitinge en die reaksie daarop word in die konteks toegelig.

Baboki ba dikgosi basenyi.	Die prysliedkunstenaar van die konings is vernielers
balotlhanyi	opstokers
Thokwana e ragile.	Die bruin koei het geskop (die koning).
Ke ba bolaya.	Ek maak hulle dood
kgosi tsa rona maruarua	ons konings is walvisse
Di iretswe go kometsa batho.	Die konings is gemaak om die mense in te sluk
O lela ka madi.	Jy huil met bloed / doodgemaak word
Lo se boke poko ya lefifi.	Julle moenie lofprysinge van die donker uiten nie (moenie die konings valslik prys nie).
Joo boleruarua ga se bogosi.	Daardie inhaligheid is nie koninklik nie.
Ba bitse dikgosi maina.	Hulle noem die konings op hulle name.

In die lig van die konteks is dit duidelik dat die prysliedkunstenaar altyd in lewensgevaar verkeer.

Die eerste strofe handel oor die manier van die prysliedkunstenaar om prysname te gebruik.

In die tweede strofe kritiseer die prysliedkunstenaar die koning. Hulle dryf die spot met die foute wat die konings gemaak het.

Hulle word in die derde strofe gevra om stil te bly.

In die vierde strofe word hulle tot versigtigheid vermaan.

Om hulle eie vel te red, word die koning in die vyfde strofe gelei.

In die sesde strofe word die konings daarvan beskuldig, dat hulle die beste dinge vir hulself hou.

In die sewende strofe word die gebreke van die regering uitgewys.
Die digter maak prysliedkunstenaars in die laaste strofe stil om self die konings te prys.

7.2.2. BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

A. Tenor afwesig

1. "kgomo thokwana e a die bruin koei skop
 raga"
2. "thokwana a ragile die bruine het ook die melkers geskop
 le bagami"
3. "o lela ka madi" hy huil met bloed
4. "lo se boke poko julle moenie 'n prysgedig van die nag
 ya lefifi" voordra nie

B. Die fokus, mediator en komparatief teenwoordig

1. "o gadima fela hy kyk rond soos 'n aasvoël
 jaaka lenong"

7.2.3. BESPREKING VAN DIE BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

7.2.3.1. Voorbeeld met vertaling

"Kgomo thokwana e a raga"

Letterlike vertaling: Die bruin bees skop.


Vrye vertaling: Die koning is kwaai/gevaarlik (vergelyk p 33-34)

A. Funksionele raamwerk

Kgomo thokwana e a raga
fokus bolster

Uit die konteks is dit duidelik dat die tenor "kgosi" is.

B. Strukturele raamwerk



C. TG raamwerk

- S → N+N+V
 → na+q+b
 → NP+V
 → a+b

Aanvullend tot die kategoriale seleksiekenmerke is dit nodig om aandag te gee aan die inherente kenmerke van die tenor en fokus as leksikale items.

"Kgosi" het die inherente kenmerke [+menslik] en [-dierlik] ; "kgomo" daarenteë [-menslik] en [+dierlik] . Die reëloorskryding binne die TGG het dus ten opsigte van die inherente eienskappe menslik en dierlik plaasgevind.

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die vrees en respek wat die onderdaan vir die koning het, stimuleer die digter om 'n verborge ooreenkoms tussen "koning" en "bees" te soek. Vrees en respek is emosies (vergelyk p 23-24 en tabel 18 p 193).

2. Parallelisme

Die parallelisme is die skop wat die koning en bees uitdeel (vergelyk tabel 18 p 193 en p 24+25).

3. Origo

'n Bees in 'n deel van die geskape werklikheid, daarom word dit as 'n deel van die natuur beskou (vergelyk tabel 18 p193 en p 25-27).

4. Konteks

Die tenor (koning) word uit die konteks van die gedig afgelei. Hierdie voorbeeld van beeldspraak is meer implisiet en daarom van 'n hoër gehalte (vergelyk p 44).

5. Buitetaalse gegewens

Die ontvanger moet bewus wees van die gebruik om prysliedere aan belangrike persone op te dra (Breed 1956:27-33).

Hierdie prysliedkunstenaar het lof en kritiek uitgespreek. Hy moes baie versigtig wees met sy kritiek, want die koning kan kwaad word en selfs die doodstraf oplê.

6. Situasië

Die digter is besig om die prysliedkunstenaars aan te spreek oor hulle werk, maar hy wys hulle ook op die gevare van te growwe onwaarhede.

7. Begripstruktuur

Die prysliedkunstenaar word daarop gewys dat hulle lof en kritiek teenoor die koning moet uitspreek, maar dat hulle baie versigtig moet wees.

E. Funksie

Hierdie voorbeeld van beeldspraak het 'n konsentreringsfunksie (vergelyk tabel 18 p 193 en p 54).

F. Evaluering

"Kgomo thokwana e a raga" word as goeie beeldspraak bestempel, omdat:

- (i) die tenor en fokus semanties ver verwyder is;
- (ii) die psigologiese betekenis nie in die konteks herhaal word nie (vergelyk p 45).

7.2.3.2. Voorbeeld met vertaling

"O gadima fela jaaka lenong"

Letterlike vertaling: Hy kyk rond soos 'n aasvoël.

A. Funksionele raamwerk

O gadima fela jaaka lenong

mediator komparatief fokus

Die onderwerpskakel "o" verwys na die tenor "mmoki".

B. Strukturele raamwerk



C. TG raamwerk

S → V + N + BP
→ b + m + ko

Aanvullend tot die kategoriale seleksiekenmerke moet daar ook aandag gegee word aan die inherente kenmerke van die tenor en fokus. "Mmoki" het [+menslik] en [-dierlik]; "lenong" daar-enteë het [-menslik] en [+dierlik] as inherente eienskappe. Die reëloorskryding binne die TGG het dus op die menslike en dierlike vlak plaasgevind.

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Vrees stimuleer die digter om beeldspraak met "mmoki" en "lenong" te skep. Vrees is een van die mens se emosies (vergelyk tabel 18 p 193 en p 23-24).

2. Parallelisme

Die parallelisme wat die beeldspraak skep, word eksplisiet in "o gadima" weergegee. Die parallelisme is dus 'n handeling (vergelyk p 24-25 en tabel 18 p 193).

3. Origo

Die origo van die fokus is in "aasvoël" ('n dier) opgesluit en word as sodanig 'n as 'n deel van die natuur gereken (vergelyk p 25-27).

4. Konteks

Om die waarde van die beeldspraak te bepaal moet gekyk word na die invloed van die konteks van die gedig op die parallelisme. In hierdie voorbeeld verskraal die konteks van die beeldspraak die psigologiese betekenis (vergelyk p 44).

5. Buitetaalse gegewens

As 'n aasvoël besig is om te vreet, moet hy altyd omkyk om vas te stel of daar nie 'n roofdier aankom nie. Hierdie buitetaalse gegewens word eksplisiet in die konteks van die gedig weergegee. 'n Bang mens kyk ook gedurig rond. Die konteks van die beeldspraak verlaag die waarde van die beeldspraak.

6. Situasië

Die situasie dui op die gevaar waarin die prysliedkunstenaar verkeer.

7. Begripstruktuur

Die psigologiese betekenis van die beeldspraak moet in die vrees van die prysliedkunstenaar gesoek word.

E. Funksie

Al die gegewens wat die ontvanger reeds weet, word in die beeldspraak gekonsentreer.

F. Evaluering

Hierdie is 'n voorbeeld van swak beeldspraak, omdat die parallelisme te letterlik is (vergelyk p 45).

7.2.4. PROMINENTE KENMERKE

7.2.4.1. Tabulering van die eienskappe van die beeldspraak.

Die beeldspraak in die gedig word in tabel 18 p 193 saamgevat.

7.2.4.1. Bespreking van die tabel

A. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Emosie vorm in al die voorbeelde die stimulus vir die ontstaan van die beeldspraak in hierdie gedig (vergelyk tabel 18 p 193 en p 23-24).

2. Parallelisme

Hoewel die parallelisme dikwels eksplisiet in die konteks van die gedig weergegee word, het dit slegs in die laaste twee voorbeelde 'n negatiewe invloed op die gehalte van die beeldspraak. Die parallelisme is in al die voorbeelde 'n handeling (vergelyk tabel 18 p 193).

3. Origo

In prysliedere word die beelde gewoonlik uit die natuur geneem (Breed 1956:27-33), daarom is dit nie vreemd dat die origo van hierdie beeldspraak ook uit die natuur geneem is nie (vergelyk tabel 18 p 193).

4. Konteks

Die konteks van die gedig speel 'n belangrike rol in die interpretasie van die beeldspraak, omdat die verskuilde tenor daarin gevind word (vergelyk p 53).

5. Buitetaalse gegewens

Die ontvanger moet vertrouwd wees met die koning en sy verhouding met die prysliedkunstenaar om hierdie beeldspraak te interpreteer.

Voorbeeld met vertaling	Tenor en fokus	Konteks Situatie buite-taalse Gegevens	Matrys										Reëlvoor- skryding binne TUG	Stimulus	Parallelisme	Origo	Funksie	Evaluering	
			konkreet	temporeel	stoflik	voorwerp	versameling	lewend	menslik	dierlik	ding	goddelik							lokatief
kgomo thokwana e a raga (die bruin koei skop)	verskuij kgomo	koning	+	+	+	-	-	+	+	-	-	-	-	menslik dierlik	emosie	handeling	natuur	konsentrerings	goed
thokwana e ragile le bagami (die bruine het ook die melkers geskop)	verskuij thokwana	koning	+	+	+	-	-	+	+	-	-	-	-	menslik dierlik	emosie	handeling	natuur	verduideliking	redelik
o lela ka madi (hy huil met bloed/hy word dood-gemaak)	verskuij lela verbind met N	pryslied= kunstenaar	+	+	+	-	-	+	+	-	-	-	-	lewend	emosie	handeling	natuur	konsentrerings	goed
o gadi ma fela jaaka lenong (hy kyk rond soos 'n aasvoël)	lenong	pryslied= kunstenaar	+	+	+	-	-	+	+	-	-	-	-	menslik dierlik	emosie	handeling	natuur	konsentrerings	swak
jo se boke poko ya lefifi (Julle moenie 'n prysgedig bind met N van die nag voordra nie)	boke ver- bind met N poko		+	-	-	-	-	+	+	-	-	-	-	temporeel	emosie	handeling	natuur	verduideliking	baie swak

6. Situasië

Die prysliedkunstenaar dra sy lof en kritiek aan die koning oor. Hy mag nie te skerp kritiseer nie, want die koning kan hom laat doodmaak.

7. Begripstruktuur

Die psigologiese betekenis van die beeldspraak spreek van die respek en vrees wat die prysliedkunstenaar vir sy koning het (vergelyk p 54).

B. Funksie

Die funksie van die verskillende voorbeelde van beeldspraak, is so verdeel:

konsentrering	3	60,0%
verduideliking	2	40,0%

(vergelyk tabel 18 p 193 en p 54).

C. Evaluering

Die beeldspraak in die gedig is so geëvalueer:

goed	2	40,0%
redelik	1	20,0%
swak	1	20,0%
baie swak	1	20,0%

Hierdie is 'n goeie gedig met goeie beeldspraak, omdat die gedig 'n hegte eenheid vorm.

Hierdie gedig versterk die tema van die bundel. Die "menate" is in die pryslied geleë, terwyl die "matlhoko" die reaksie van die koning is.

7.3.0. KGOSI KGAMA / KONING KGAMA

Nadat Kgari in die geveg teen die Shona gedood is, het sy broerskind Sedimo as regent opgetree omdat Kgama 11 te jonk was om as koning op te tree. Kgama se moeder is toe met Sedimo getroud en 'n seun Macheng is gebore. Op grond van sy moeder se status was hy die eerste aanspraakmaker op Kgama 11 se koningskap. Die hoofvrou van die koning se seun het altyd die reg op die koningskap, al is daardie seun nie die koning se seun nie. Toe Kgama 11 kort nadat hy koning geword het gesterf het (1834) het sy moeder sake in eie hande geneem. Sy het

Sekgoma, die seun van 'n junior vrou verdryf en haar seun Macheng koning maak.

Sekgoma het later wel koning van die Bangwato geword. Hy was bekwaam maar te despoties om populêr te wees. In 1858 is hy afgesit en deur Macheng vervang. Sekgoma en sy seun Kgama lll word verban. Tydens die ballingskap neem Kgama lll die Christelike geloof aan. Hier volg die geslagsregister wat Kgama lll se posisie uitbeeld.

Kgari Kgama (regeer c 1817-1828)

- Kgama ll (c1834)
- Macheng (1858-1858; 1866-1872)
- Sekgoma l (regeer c 1846-1858; 1859-1866; 1873)
- Kgama lll (1872; 1875-1923)

Macheng was baie ongewild en is in 1859 deur Sekgoma l vervang. Na 'n rusie oor die tradisionele gebruike word Sekgoma l in 1866 weer deur Macheng vervang. Kgama lll het in 1872 vir Macheng finaal onttroon en die koningskap aan sy vader Sekgoma l terug gegee, maar in 1875 neem hy die koningskap finaal oor nadat hy sy vader onttroon het.

Drie van sy prysliedere is in Schapera (1956) opgeteken. Hy was die onbetwiste leier vir 48 jaar. In hierdie tyd het die Christendom 'n vastrapplek in die geledere van die Batswana gekry. Hy het hom ook beywer om die Batswana onder Britse beskerming te plaas (Schapera 1956: 186-213). Dit is ook nie vreemd dat daar baie prysname vir Kgama lll ontstaan het nie. Hier volg enkele.

Tau	Leeu
Seloma	'n Dappere
Kilamolelo	Hater van die vuur. (Hy het nie daarvan gehou om langs die vuur te sit nie)
Pelo ya ga Sekgoma.	Hart van Sekgoma.
Dingwalo	Sy volle name was: Kgama Dingwalo Sekgoma.
Mafolosa	Die afbringers (Kgama se ouderdomsgroep)
Mophoting	By die duiker (totem)

Kgama word gevlei, terwyl sy vyande verspot en swak voorgestel word.

Hierdie gedig toon groot ooreenkomste met die tradisionele pryslied, maar bevat minder beeldspraak.

7.3.1. INHOUD VAN DIE GEDIG

Sekere dele van Kgama se geskiedenis en karaktertrekke word in die konteks van die gedig weergegee.

ga tla leruuruu	daar het toe 'n groot geraas gekom
a senke thupa	hy seek toe 'n lat
lehufa	jaloesie
kilo	haat

Alle prysname is nie beeldspraak nie, hierdie gedig bevat pragtige beelde, maar heelwat minder beeldspraak.

In die eerste strofe word "kgosi Kgama" aan die leser voorgestel.

In die tweede strofe word daar van 'n veldslag vertel. Uit die buitetaalse gegewens kan afgelei word dat dit moontlik gegaan het oor die uitskakeling van Macheng.

Kgama III was 'n goeie veldheer. In die derde strofe word sy veldslag teen die Matabeles beskryf.

In die vierde strofe word haat en jaloesie en hulle gevolge uitgebeeld. Sekgoma en Kgama was in 'n stryd gewikkel. Die vyfde strofe beeld juis hierdie stryd uit (vergelyk 7.3.0.).

Die sesde strofe handel oor Kgama se regering en sy godsdienstige oortuiging.

In die sewende strofe word die naderende dood van Kgama beskryf.

Die agste strofe handel weer oor die stryd om die koningskap.

In die negende strofe herinner die digter sy leser daaraan dat Kgama sy vader verdryf het om koning te word.

Raditladi het van die prysname uit 'n tradisionele pryslied van Kgama in hierdie gedig gebruik. Hierdie beelde is egter nie beeldspraak nie.

Hier volg enkele voorbeelde:

"Kilamolelo" Letterlike vertaling: vuurhater

(Schapera 1956:204)

In hierdie voorbeeld is geen reëloorskryding binne die TGG nie. Kgama het hierdie naam gekry omdat hy dit gehaat het om naby die vuur te sit.

"Seloma" Seloma was Macheng se vader.

Hierdie voorbeeld is ook nie beeldspraak nie.

Daar is nog heelwat sulke voorbeelde in die gedig.

7.3.2. BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

A. Tenor teenwoordig

"Sekgoma lefika" Sekgoma die klip

B. Tenor verskuil

1. "la baya pelo ya Sekgoma mathatha"

Dit het toe Sekgoma se hart by sy oorskot neergesit

2. "lehufa le remang" die haat wat kap

7.3.3. BESPREKING VAN DIE BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

7.3.3.1. Voorbeeld met vertaling


"Sekgoma lefika" Sekgoma die klip (vergelyk p 33-34)

A. Funksionele raamwerk

Sekgoma lefika

tenor fokus

B. Strukturele raamwerk



C. TG raamwerk

NP → N+B+N

→ N+BP

→ a+b

Aanvullend tot die kategoriale seleksiekenmerke moet die inherente kenmerke as deel van die TGG bestudeer word. Die tenor "sekgoma" het [-voorwerp], [+lewend], [+menslik] en [-ding] as inherente kenmerke en die tenor "lefika" [+voorwerp], [-lewend], [-menslik] en [+ding]. Die reëloorskryding binne die TGG het dus ten opsigte van die volgende inherente kenmerke plaasgevind: voorwerp, lewend, menslik en ding.

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die digter se trots op en, bewondering vir Kgama stimuleer hom Sekgoma met 'n klip te vergelyk. Trots en bewondering word volgens p 23-24 as emosie geklassifiseer (vergelyk tabel 19 p 201).

2. Parallelisme

Die parallelisme is in die onbeweegbaarheid van die klip geleë. Hierdie eienskap voorsien die gemeenskaplike semantiese aspek wat tot die vorming van beeldspraak lei (vergelyk p 24-25 en tabel 19 p 201).

3. Origo

Die origo van die beeldspraak is uit die natuur ontleen.

4. Konteks

Die tenor van die beeldspraak word eksplisiet in die konteks van die beeldspraak weergegee (vergelyk p 44).

5. Buitetaalse gegewens

Die prysliedkunstenaar neem voorwerpe uit die natuur om die koning mee te vergelyk.

6. Situasia

Die digter bewonder vir Kgama III en beskryf hom met verskillende prysname.

7. Begripstruktuur

Die digter voeg sy held verskillende prysname toe. Hoewel baie toevallig ook beeldspraak is, is dit gewoonlik net komplimente vir die koning. Hierdie prysnaam verhoog nie die semantiese waarde van die gedig nie.

E. Funksie

Hierdie beeldspraak het verduideliking as primêre- en versiering as belangrikste sekondêre funksie.

F. Evaluering

In die lig van die begripstruktuur is dit 'n voorbeeld van swak beeldspraak.

7.3.3.2. Voorbeeld met vertaling

"Lehufa le remang"

Die jaloesie wat kap.


A. Strukturele raamwerk

Lehufa le remang


fokus bolster

Die tenor van die beeldspraak "Kgama" is in die konteks van die gedig verskuil.

B. Strukturele raamwerk



C. TG raamwerk



Aanvullend tot die grammatikale struktuur moet die inherente kenmerke ook bestudeer word. "Kgama" het die volgende inherente kenmerke [+konkreet] en [+stoflik] terwyl "lehufa" [-konkreet] en [-stoflik] is. Hieruit word afgelei dat die reëloorskryding binne die TGG ten opsigte van die konkrete en stoflike inherente eienskappe plaasgevind het.

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die stimulus wat tot die totstandkoming van hierdie beeldspraak gelei het, is in die geweldadigheid geleë (vergelyk p 23+24 en tabel 19 p 201).

2. Parallelisme

Die parallelisme wat die beeldspraak vorm, word deur die handeling "om te kyk" weerspieël. Hierin lê 'n swakheid van die beeldspraak want dit word eksplisiet in die konteks van die beeldspraak weergegee (vergelyk p 24-25 en tabel 19 p 201).

3. Origo

Haat is een van die emosies van die mens. Die origo van die fokus is dus in emosie geleë (vergelyk p 25-27 en tabel 19 p 201).

4. Konteks

Die parallelisme word eksplisiet in die konteks van die beeldspraak weergegee (vergelyk p 44). In hierdie geval het die konteks die waarde van die beeldspraak verswak.

5. Buitetaalse gegewens

Om die beeldspraak beter te verstaan, moet die ontvanger weet dat die digter 'n bewonderaar van Kgama is.

6. Situasië

Die digter is besig om 'n pryslied aan Kgama op te dra.

7. Begripstruktuur

Die psigologiese betekenisveld van die beeldspraak word verswak deur die eksplisiete figuurlike parallelisme wat in die konteks van die beeldspraak gegee word.

E. Funksie

Hierdie beeldspraak het 'n verduidelikingsfunksie, want die sender se bewondering vir Kgama word met betrekking tot verskillende prysname bespreek.

F. Evaluering

Die beeldspraak is eksplisiet en het versiering as 'n belangrike sekondêre funksie. Daar moet afgelei word dat hierdie 'n voorbeeld van swak beeldspraak is.

7.3.4. PROMINENTE KENMERKE

7.3.4.1. Tabulering van die eienskappe van die beeldspraak in die gedig.

Vergelyk tabel 19 p 201

7.3.4.2. Bespreking van die tabel

A. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die stimulus van die beeldspraak is gelykop verdeel tussen emosie, waarneming en eienskap.

2. Parallelisme

Die parallelisme is in 66,7% van die gevalle 'n handeling en in 33,3% 'n eienskap. Die parallelisme word eksplisiet deur die konteks, die gedig of die beeldspraak weergegee. Hierdeur word die waarde van die beeldspraak verlaag.

3. Origo

In 66,7% van die voorbeelde van beeldspraak is die origo die natuur en in 33,3% emosie.

Voorbeeld met vertaling	Tenor en fokus	Konteks Situasi Buitetaalse Gegevens	Matrys										Reëlvoer = skryding binne TGG	Stimulus	Parallelisme	Origo	Funksie	Evalueri
			konkreet	temporeel	stoflik	voorwerp	versameling	lewend	menslik	dierlik	ding	goddelik	lokatief					
Sekgoma Jefika (Sekgoma die klip)	Sekgoma Jefika		+	+	+	+	-	-	-	-	-	-	-	voorwerp lewend menslik ding	eienskap	natuur	verduideliking	skak
Ja baya pela ya Sekgoma mathatha (Dit het toe Sekgoma se hart by sy oorskot neergesit)	verskuij	Jaloesia	-	-	-	-	-	-	+	-	-	-	-	konkreet	handeling	natuur	verryking	redelik
Jehufa le remang (die haat wat kap)	baya verbind met N verskuij Jehufa	Kgama	+	+	+	-	-	+	+	-	-	-	-	konkreet stoflik	eienskap	emosie	verduideliking	skak

4. Konteks

Die parallelisme word eksplisiet deur die konteks van die gedig en die beeldspraak weergegee. Hierdie gedig bevat baie prysname wat nie beeldspraak is nie (vergelyk p 44 en 196).

5. Buitetaalse gegewens

Die gedig speel af teen die agtergrond van die tradisionele regeerder. Om die beeldspraak en die gedig beter te kan verstaan moet die sender vertrouwd wees met hierdie feit.

6. Situasië

Die gedig speel aan die hof van die koning af.

7. Begripstruktuur

As gevolg van die eksplisiete parallelisme waarop die beeldspraak berus, het die psigologiese betekenisveld verlore gegaan.

B. Funksie

In twee gevalle het die beeldspraak 'n verduidelikingsfunksie en in een geval 'n verrykingsfunksie.

C. Evaluering

Die beeldspraak in die gedig is so geëvalueer:

swak	2	66,7%
redelik	1	33,3%

Hierdie is 'n goeie gedig wat swak beeldspraak het.

7.4.0. RADITLADI A SEKGOMA / RADITLADI VAN SEKGOMA

Raditladi was 'n jonger broer van Kgama III (vergelyk 3.1.0.). Hulle was albei seuns van Sekgoma I. Raditladi wou die koningskap hê omdat sy ma 'n ontwikkelde vrou was, maar hy kon dit nooit regkry nie, en het dikwels met Kgama III gebots. Kgama III het sy posisie versterk met behulp van die Britse regering.

Omdat die titel van die gedig eienaam is, kan daar nie 'n betekenisveld voor gegee word nie.

7.4.1. INHOUD VAN DIE GEDIG

Hierdie gedig moet saam met KGOSI KGAMA gelees word.

Hierdie gedig handel oor Raditladi (die oupa van die digter). Hierdie gedig bevat nie beeldspraak nie, hoewel daar heelwat beelde is wat na beeldspraak lyk. Hier volg 'n voorbeeld:

"Re jelwe ké photi ya Bangwato" Letterlike vertaling: Ons is geëet deur die duiker van die Bangwato.

As die volle betekenisveld van "-jelwe" nagegaan word, word gemerk dat dit ook "misbruik" kan beteken. Verder word die woord "re jelwe" in drie agtereenvolgende verse gebruik. Hierdeur word enige reëloorskryding wat daar kan wees, vernietig.

"Photi" verwys na die totem van die Bangwatostam en is as sodanig nie beeldspraak nie. Verder word "photi" ook herhaaldelik in die gedig gebruik.

7.5.0. LEKGASA LOO SEKGOMA / DIE VERSTROOIING VAN SEKGOMA-HULLE

Hierdie gedig handel oor die mense wat moes vlug. Dit is mense van die koninklike familie wat deur Kgama III verdryf is.

Die logiese betekenisveld van "lekgasa":

"lekgasa" Letterlike vertaling: die afgeskeurde stuk van 'n kledingstuk
Die titel van die gedig dui op Kgama III se vader, oom en broers wat deur hom verdryf is.

7.5.1. INHOUD VAN DIE GEDIG

Uit die konteks van die gedig word die verdrywing en oorsake vir die verdrywing gevind.

Ke latlantla la basimane	Dit is die geknaag van die Koningseuns.
ba Kgosing	
a ntshitse loleme	hy het sy tong uitgesteek
thupa e tshesane	'n dun lat

Die eerste strofe handel oor die oorsaak van die stryd tussen die prinse.

Die tweede strofe handel oor die stryd tussen hulle.

Die derde strofe handel oor die geveg wat tussen die strydende groepe uitgebreek het.

Die vierde strofe handel oor die geskiedenis van die stam. Dit beskryf die veldslag teen die Matabele.

In die vyfde strofe word dit gestel dat die mense gewoonlik daaraan is om te vlug.

Die sesde strofe handel oor die mens se soeke na die dood.

7.5.2. BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

A. Tenor ontbreek

- | | |
|--|--|
| 1. "lentlantla la basimane
ba Kgosing" | Letterlike vertaling: die geknaag van die koningseuns
Vrye vertaling: die rusie tussen die prinse |
| 2. "dinaana o di batlile
kwa sekakeng" | die rooibont koeie het hy in die woestyn gesoek |
| 3. "o di phuthile ka
seatla di mo sakeng" | Letterlike vertaling: hy't hulle met die hand bymekaar gemaak - hulle is in die kraal |
| 4. "o remileng Matebele" | hy wat die Matabeles gekap het |
| 5. "photi ka tlhako ya
runa nta moriring" | Letterlike vertaling: die duiker krap met sy kloutjie die luis tussen die hare uit
Vrye vertaling: hy maak dié wat hom pla dood |

B. Tenor teenwoordig

- | | |
|---|--|
| 1. "bagale dikwatlope" | Letterlike vertaling: die dapperes is droë rieme |
| 2. "lelata le šwa go
tšharwe dinala" | die volgeling sterf as hy in die naels gevang is |

7.5.3. BESPREKING VAN DIE BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

7.5.3.1. Voorbeeld met vertaling

"lentlantla la basimane ba Kgosing"

Letterlike vertaling: die geknaag van die seuns van die koning

Vrye vertaling: die rusie tussen die prinse (vergelyk p 33-34)


A. Funksionele raamwerk

lentlantla la basimane ba Kgosing

fokus bolster

Die tenor (stryd) is in die konteks van die gedig verskuil.

B. Strukturele raamwerk



C. TG raamwerk

NP → N+BP+BP

→ an+q+q

Aanvullend tot die sintaktiese seleksiereëls moet daar ook aandag gegee word aan die inherent kenmerke van die tenor en fokus as leksikale items. "Stryd" het [+menslik] en "letlantla" het [-menslik] as inherente eienskap. Die reëloorskryding binne die TGG het op die menslike vlak plaasgevind.

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die haat en afguns tussen die prinse prikkel die digter om beeldspraak met stryd en geknaag te skep. Haat en afguns word as emosies geklassifiseer (vergelyk p 23-24).

2. Parallelisme

Die parallelisme wat die beeldspraak skep, is "veg". Die parallelisme is semanties baie nou verwant aan beide die tenor en fokus. Hierin is juis die swakheid van die beeldspraak (vergelyk p 24-25).

3. Origo

Die origo is in die veglus van die prinse gesetel. Dit word as 'n eienskap geklassifiseer (vergelyk p 25-27). Die stimulus en parallelisme is te nou verwant.

4. Konteks

Die veglus van die prinse word eksplisiet in die konteks van die gedig geskets (vergelyk p 53).

5. Buitetaalse gegewens

Die buitetaalse gegewens word eksplisiet in die konteks geskets.

6. Situasië

Die situasie word eksplisiet in die konteks van die gedig geskets.

7. Begripstruktuur

Die psigologiese betekenisstruktuur slaan op die haat en naywer wat daar tussen die prinse bestaan (vergelyk p 67).

E. Funksie

Die beeldspraak het verduideliking as primêre- en versiering as sekondêre funksie.

F. Evaluering

Hierdie voorbeeld word as swak beeldspraak geklassifiseer omdat die tenor, fokus, stimulus en parallelisme in die konteks van die gedig weergegee word (vergelyk p 51).

7.5.3.2. Voorbeeld met vertaling

bagale dikwatlappe Letterlike vertaling: die dapperes is droë rieme

A. Funksionele raamwerk

bagale	dikwatlappe
tenor	fokus

B. Strukturele raamwerk

bagale	ke	dikwatlappe
naamwoord	identifise= rende kopu= latiewe betrekkings= woord	naamwoord
onderwerp	inleidende lid	komplement
	kopulatiewe gesegde	

C. TG raamwerk

S → N+B+N

→ a+c

→ a+b

Bykomend tot die sintaktiese seleksiereëls moet die inherente kenmerke van die tenor en fokus ook bestudeer word. Die tenor

"bagale" het die volgende inherente kenmerke: [-voorwerp] , [+lewend] , [+menslik] en [+ding] . Die inherente kenmerke van "dikwatlappe" is: [-lewend] , [-menslik] , en [-ding] . Die reëloorskryding binne die TGG het ten opsigte van die volgende inherente kenmerke plaasgevind: lewend, menslik en ding.

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Emosie vorm die stimulus vir die ontstaan van die beeldspraak (vergelyk p 23-24).

2. Parallelisme

Om "bagale" en "dikwatlappe" met mekaar te verbind, moet die parallelisme (die dood) gebruik word. Hierdie eienskap word ook in die inherente eienskappe van die tenor en fokus weerspieël. Hierdeur word die waarde van die beeldspraak ook verminder (vergelyk p 24-25).

3. Origo

Van die vel van dooie diere word rieme gebrei. "Dikwatlappe" is 'n deel van die Batswana se kultuur (vergelyk p 25-28).

4. Konteks

Die dood wat die stimulus en parallelisme van die beeldspraak is, word eksplisiet in die konteks van die gedig herhaal. Hierdie herhaling het die gehalte van die beeldspraak verswak (vergelyk p 53).

5. Buitetaalse gegewens

Om die gedig in die algemeen en die beeldspraak in die besonder te verstaan, moet die ontvanger bewus wees van die stryd wat daar tussen die prinse geheers het.

6. Situasia

Kgama het sy teëstanders verdryf, sodat hy kon koning word. Die situasie word eksplisiet binne die konteks van die titel geskets.

7. Begripstruktuur

Die psigologiese betekenis van die beeldspraak word deur die stimulus, parallelisme en konteks van die gedig vernietig (vergelyk p 67).

E. Funksie

Die beeldspraak het verduideliking as primêre- en versiering as sekondêre funksie.

F. Evaluering

Hierdie is 'n voorbeeld van swak beeldspraak omdat die stimulus en parallelisme te nou verwant is en ook in die konteks herhaal word (vergelyk p 51).

7.5.4. PROMINENTE KENMERKE

7.5.4.1. Tabulering van die eienskappe van die beeldspraak

Vergelyk tabel 20 p 209.

7.5.4.2. Bespreking van die tabel

A. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

In al die voorbeelde van beeldspraak in die gedig is die stimulus 'n emosie (vergelyk tabel 20 p 209).

2. Parallelisme

Die parallelisme is só verdeel:

handeling	6	85,7%
-----------	---	-------

eienskap	1	14,3%
----------	---	-------

(vergelyk tabel 20 p 209)

3. Origo

Die origo van die fokus van beeldspraak is só verdeel:

natuur	4	57,1%
--------	---	-------

kultuur en lewensbeskouing	2	28,7%
-------------------------------	---	-------

eienskap	1	14,3%
----------	---	-------

(vergelyk tabel 20 p 209).

4. Konteks

Die konteks van die gedig het 'n negatiewe invloed op die gehalte van die beeldspraak in die gedig, omdat die stimulus en die parallelisme dikwels daarin herhaal word (vergelyk p 53).

Voortbeeld met vertaling	Tenor en fokus	Konteks Situasie Suidetaals gegee	Matrys										Keëlbor= skryding sime Td	Stimulus	Parallelisme	Origo	Funksie	Evalueer
			konkreet	temporeel	stoflik	voorwerp	versameling	lewend	menslik	dierlik	ding	goddelik	lokatief					
letlanta la basimane ba Ngosing (die geknaag van die koningseune/die rosie tussen die prinse)	verskuil	stryd	+	-	-	-	-	+	+	+	-	-	dierlik	emosie	handeling	eienskap	verduideliking	swak
letlanta			+	-	-	-	-	+	+	+	-	-						
dinaana o di batlile kwa sekakeng (die rooibont woele het hy in die woestyn gesoek)	verskuil	prinse	+	-	+	-	-	+	+	-	-	-	menslik dierlik	emosie	handeling	natuur	konsentrering	redelik
dinaana			+	-	+	-	-	+	+	-	-	-						
o di phuthile ka sealla di mo sakeng (hy't hulle met die hand bynekaar gemaak hulle is in die kraal)	verskuil	Sekgona	+	-	+	-	-	+	+	-	-	-	menslik dierlik	emosie	handeling	natuur	verduideliking	baie
bagale dikwatlappe (die dapperes is droë rieme)	verskuil	rooibontes	+	-	+	-	-	+	+	-	-	-						
bagale			+	-	+	-	-	+	+	-	-	-	voorwerp lewend menslik dierlik ding	emosie	eienskap	kultuur en lewensbeskouing	verduideliking	swak
o romileng Matabele (hy wat die Matabeles gekap het)	romileng verbind met M		+	-	+	-	-	-	-	+	-	-	voorwerp lewend menslik ding	emosie	handeling	kultuur en lewensbeskouing	verduideliking	swak
Matabele			+	-	+	-	-	+	+	-	-	-						
photi ka tihako ya runa nta moriring (die duiker trap met sy kloutjie die huls tussen die hare uit /hy maak die wat hom pla dood)	verskuil	Agana	+	-	+	-	-	+	+	-	-	-	menslik dierlik	emosie	handeling	natuur	verryking	baie
runa verbind met M			+	-	+	-	-	+	+	-	-	-						
lelata le tswa go tšwarwe dina (die volgeling sterf as hy in die naels gevang is)	lelata		+	-	+	-	-	+	+	+	-	-	menslik dierlik	emosie	handeling	natuur	verduideliking	redelik
tšwarwe verbind met M			+	-	+	-	-	+	+	-	-	-						

5. Buitetaalse gegewens

By die interpretasie van beeldspraak speel die buitetaalse gegewens 'n belangrike rol (vergelyk p 53).

6. Situasië

Die situasie word eksplisiet in die konteks van die gedig herhaal.

B. Funksie

Die funksie van die beeldspraak is só verdeel:

konsentrering	1	14,3%
verryking	1	14,3%
verduideliking	5	71,4%

C. Evaluering

Die beeldspraak in hierdie gedig is van wisselende gehalte:

baie goed	1	14,3%
redelik	2	28,7%
swak	3	42,9%
baie swak	1	14,3%

Die voorbeeld van baie goeie beeldspraak het verryking as funksie.

Hierdie is 'n voorbeeld van 'n goeie gedig wat swak beeldspraak het.

7.6.0. ISANG A LENTŠWE

Isang (1884-1941) was die tweede seun van Lentšwe. Hy het in 1921 as regent opgetree toe sy vader te siek geword het om te regeer. Hy is in 1929 deur Molefi die oudste seun van sy broer Kgafela opgevolg (Schapera 1965:102-111).

Hy was 'n ontwikkelde man en was 'n beter administrateur as Kgama. Sy prysnaam "Ramalebanya" (die een wat vooruit sien) bevestig hierdie feit (Schapera 1970:87).

7.6.1. INHOUD VAN DIE GEDIG

Hierdie gedig bevat nie beeldspraak nie. Daar is voorbeelde van beelde wat soos beeldspraak lyk.

"Lentšwe legolo le namile
Botšwana"

Letterlike vertaling: Die groot klip
het hom oopgesprei oor Botšwana

Vrye vertaling: Lentšwe het sy gesag oor die
Botšwana bevestig

Hier bestaan 'n woordspeling tussen die man se naam en 'n klip. Hier bestaan 'n reëloorskryding binne die TGG tussen die man se naam en die klip, maar hier eindig die ooreenkoms met beeldspraak.

Die res van die strofe handel oor 'n klip en nie die koning Lentšwe nie. Die woord klip "**lentšwe**" of sy onderwerpsmorfeem word talle kere in die eerste strofe herhaal.

7.7.0. KGOSI TŠHAKA / KONING TŠHAKA

Muller (1973:126) het Tšhaka die "Swart Napoleon" genoem, omdat hy so 'n goeie veldheer was. Hy het vir hom 'n magtige leër opgebou waarmee hy die ander stamme aangeval het. Hy het al die mense behalwe die jong dogters en seuns doodgemaak. Die dogters het ondergeskikte vroue geword, terwyl die seuns lasdraers in die Zoeloeleër geword het. Hy was 'n wrede, slu en oorlogsugtige koning wat alle volke in sy omgewing bedreig het.

7.7.1. INHOUD VAN DIE GEDIG

Uit die konteks van die gedig spreek sy wreedheid, dapperheid en oorlogsugtigheid. Sonder die buitetaalse gegewens is dit nie moontlik om hierdie gedig te interpreteer nie.

Die eerste strofe handel oor Tšhaka se heerskappy oor die Zoeloe.

Die tweede strofe handel oor sy veldtog teen die Xhosas.

In die derde strofe word sy manier van oorlogvoering bespreek.

Die laaste strofe handel oor sy wreedheid en sy veldtog teen Kgama.

Dié gedig vorm 'n semantiese eenheid, hoewel daar enkele losstaande prysname is. Dit is 'n oorgang tussen die tradisionele en moderne epos.

7.7.2. BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

A. Tenor afwesig

- | | |
|--|---|
| 1. "kobekgolo" | groot verdrywer |
| 2. "ya runa letsetse
le nta moriring" | hy het die vlooi en die luis tussen die
hare uitgekrap |

- | | |
|--------------------------------------|---|
| 3. "taukgolo ya kona batho dihuba" | die groot leeu het die mense se borste omgebuig |
| 4. "kgabo e kile ya atolola lenaga" | die vlam het eenkeer die land vernietig |
| 5. "ya phunyega jaaka phefo mariga" | dit het toe oopgebars soos 'n winterswind |
| 6. "kgabo ya tsena mathaka marapong" | Letterlike vertaling:
die vlam het die maats /vrinede se bene ingegaar

Vrye vertaling: die vlam het die maats se bene vernietig |

7.7.3. BESPREKING VAN DIE BEELDSPRAAK

7.7.3.1. Voorbeeld met vertaling

"Kobekgolo" groot verdrywer (vergelyk p 33+34)

A. Funksionele raamwerk

kobekgolo

fokus

Die tenor is in die titel van die gedig verskuil. Die volledige beeldspraak in "Tšhaka ke kobekgolo."

B. Strukturele raamwerk

kobekgolo

↓
naamwoord

↓
voorwerp

C. TG raamwerk

N → o

Om die reëloorskryding binne die TGG te beskryf, is dit nodig om aandag te gee aan die inherente eienskappe van die tenor en fokus as leksikale items.

Tšhaka het [+menslik] en [-dierlik], terwyl "kobekgolo" [-menslik] en [+dierlik] as inherente kenmerke het. Die reëloorskryding binne die TGG het dus ten opsigte van die inherente kenmerke menslik en dierlik plaasgevind.

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die digter het waargeneem dat Tšhaka die stamme om hom verdryf (vergelyk p 23-24).

2. Parallelisme

Die parallelisme word deur die handeling (verdryf) gevorm (vergelyk p 24-25).

3. Origo

Die origo van die beeldspraak is uit die natuur geneem. Die sterkste bul verdryf alle mededingers uit sy groep (vergelyk : 25-27).

4. Konteks

Die verskuilde tenor word in die konteks van die titel aangedui. Hierdeur word die waarde van die beeldspraak verlaag.

5. Buitetaalse gegewens

Tšhaka het al die swak stamme uitgeroei en sy stam versterk deur die jongvroue na sy kraal te neem as byvroue vir sy soldate.

6. Situasië

Tšhaka was besig om sy stam te versterk.

7. Begripstruktuur

Die psigologiese betekenis van die beeldspraak slaan op die magsuitbreiding van die Zoeloes onder Tšhaka.

E. Funksie

Hierdie beeldspraak het 'n verduidelikingsfunksie.

F. Evaluering

Hierdie is 'n voorbeeld van goeie beeldspraak omdat die tenor en fokus semanties ver verwyder is (vergelyk p 63).

7.7.4. PROMINENTE KENMERKE

7.7.4.1. Tabulering van die beeldspraak

Kyk op p 21 na tabel 214.

Voornamde met vertaling	Teken en Fokus	Konteks Situatie buitetaal-gegewens	Matrys										Reëltoeskyding binne TGO	Stimulus	Parallelisme	Origo	Funksie	Evaluering
			konkreet	temporeel	stoflik	voorwerp	versameling	lewend	menslik	dierlik	ding	goddelik	lokatief					
kobekgolo (groot verduer, wêr)	verskuil	Tshaka	+	-	+	-	-	+	+	-	-	-	menslik dierlik	waarneming	handeling	natuur	verduideliking	goed
	kobekgolo		+	-	+	-	-	+	+	-	-	-						
ya runa letsetse le nta maring (hy het die vlooi en die luis tussen die hare uitgekrap)	verskuil	Tshaka	+	-	+	-	-	+	+	-	-	-	menslik dierlik	emosie	handeling	natuur	konsentrering	baie goed
	runa verbinde met h		+	-	+	-	-	+	+	-	-	-						
taukgolo ya kona batho oihwaa (die groot leeu het die mense se borste omgebuis)	verskuil	Tshaka	+	-	+	-	-	+	+	-	-	-	menslik dierlik	emosie	handeling	natuur	konsentrering	goed
	taukgolo		+	-	+	-	-	+	+	-	-	-						
kgabo e kile ya atolola lenaga (die vlam het eenkeer die land vernietig)	verskuil	Tshaka	+	-	+	-	-	+	+	-	-	-	voorwerp lewend menslik ding	emosie	handeling	natuur	verryking	baie goed
	kgabo		+	-	+	-	-	+	+	-	-	-						
ya phunyega jaaka phefo mariga (dit het toe oopgebars soos 'n winterswind)	verskuil	vlam	+	-	+	+	-	-	-	-	+	-	lewend menslik ding	emosie	handeling	kultuur	verryking	goed
	phunyega verabind met h		+	-	+	+	-	-	-	-	+	-						
kgabo ya tsena mathaka marapong (die vlam het die maats/vriende se bene vernietig)	verskuil	Tshaka	+	-	+	-	-	+	+	-	-	-	voorwerp lewend menslik ding	emosie	handeling	natuur	verryking	goed
	kgabo		+	-	+	-	-	+	+	-	-	-						

7.6.4.2. Bespreking van die tabel

A. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

In een (16,7%) is die stimulus 'n waarneming en in vyf (83,3%) is dit 'n handeling (vergelyk tabel 21 p 214).

2. Parallelisme

Die parallelisme word in al ses die voorbeelde van beeld=spraak deur 'n handeling gevorm (vergelyk tabel 21 p 214).

3. Origo

In 83,3% van die voorbeelde is die origo van die fokus uit die natuur geneem.

4. Konteks

Die verskuilde tenor word in die konteks van die gedig gevind (vergelyk p 44).

5. Buitetaalse gegewens

Die buitetaalse gegewens gee die dekor waarin die beeldspraak geskep word. In hierdie gedig moet die leser weet dat die gedig oor die oorloë van Tšhaka handel.

6. Situasia

Tšhaka het geen weerstand teen hom geduld nie. Die digter beskryf daardie angsvolle tyd in die geskiedenis.

7. Begripstruktuur

Die begripstruktuur van beeldspraak het te doen met die idiosinkratiese samestelling van die beeldspraak. In hierdie gedig slaan dit op die wreedheid en veroweringsdrang van Tšhaka (vergelyk p 77).

B. Funksie

Die funksie in die gedig is s6 verdeel:

verduideliking	1	16,7%
konsentrering	2	33,3%
verryking	3	50,0%

Die funksie het 'n invloed op die gehalte van die beeldspraak. Waar die beeldspraak 'n verrykingsfunksie het, is die beeld=spraak goed of baie goed.

C. Evaluering

Die gehalte van die beeldspraak in hierdie gedig is só verdeel:

goed	4	66,7%
baie goed	2	33,3%

Hierdie is 'n goeie gedig met goeie beeldspraak.

7.8.C. DINGANA LE MABURU / DINGAAN EN DIE BOERE

Piet Retief en sy manne het die vee wat Sekonyela van Dingaan gesteel het, gaan terugneem. Hierdie vee het hulle aan Dingaan terug gegee. Die Boere sou 'n deel van Natal as betaling vir hulle werk ontvang. Dingaan het egter nie woord gehou nie. Hy het die Boere laat vermoor. Raditladi, as 'n Mosetswana vertel hierdie gebeurtenis aan sy leser.

7.8.1. INHOUD VAN DIE GEDIG

Raditladi giet hierdie verhaal in die vorm van 'n gedig. Hierdie gedig misluk egter op die semantiese vlak.

Hierdie gedig bevat heelwat beelde, maar dit is nie beeldspraak nie.

Hier volg enkele voorbeelde om hierdie stelling te bewys:

"O tlola fa le fale jaaka letsetse" (Hy spring hier en daar soos 'n vlooi) is nie beeldspraak nie, omdat daar geen reëloorskryding binne die TGG plaasgevind het nie. Die volgende illustreer dit duidelik:

Motho o a tlola. Die mens spring

Letsetse le a tlola. Die vlooi spring.

Net so is "Madi a rotha jaaka matute" (Die bloed drup soos vrugtesap) nie beeldspraak nie. Die volgende twee sinne illustreer dit:

Madi a a rotha Die bloed drup.

Matute a a rotha. Die vrugtesap drup.

7.9.0. BEELDSPRAAK IN DIE GROEP

"ISANG A LENTŠWE" en "DINGANA LE MABURU" bevat nie beeldspraak nie. Beelde word geskep, maar so uitgebrei dat dit nie meer beeldspraak is nie.

"ISANG A LENTŠWE" is 'n beter gedig as "DINGANA LE MABURU", omdat laasgenoemde net 'n verhaal vertel.

"BABOKI BA DIKGOSI", "KGOSI KGAMA" en "LEKGASA LOO SEKGOMA" bevat beeldspraak, maar daar word op die parallelisme voortborduur. Die beeldspraak is van wisselende gehalte. Alhoewel hierdie gedigte beeldspraak bevat, is hulle swakker as "ISANG A LETŠWE".

"KGOSI TŠHAKA" is die beste gedig in hierdie groep, omdat dit op sowel die semantiese as strukturele vlak slaag. Die beeldspraak in die gedig wissel van goed tot baie goed.

Hierdie groep bevat 20,0% van die gedigte en 23,7% van die beeldspraak. Uit genoemde statistiek kan afgelei word dat die groep semanties beter is as sommige van die ander.

Die gedigte in hierdie groep toon ooreenkomste met die tradisionele pryslied. Daar word selfs tradisionele prysname in die gedigte gebruik.

Hierdie groep vorm 'n brug tussen die tradisionele pryslied en die moderne epos.

7.9.1. TABULERING VAN DIE EIENSKAPPE VAN DIE BEELDSPRAAK IN DIE GROEP

Vergelyk tabel 22 p 218

7.9.2. BESPREKING VAN DIE TABEL

Vergelyk tabel 22 p 218 .

A. Funksionele en strukturele raamwerk

Die tenor is in 90,5% van die voorbeelde van beeldspraak 'n naamwoord, terwyl die fokus in 66,7% voorbeelde ook 'n naamwoord is. Hieruit kan afgelei word dat die naamwoord die belangrikste woordsoort in die vorming van beeldspraak in die groep is (vergelyk tabel 22 p 219).

B. TG raamwerk

Die reëloorskryding ten opsigte van agt van die inherente kenmerke is oor die matrys versprei, terwyl daar geen reëloorskryding ten opsigte van die volgende inherente kenmerke plaasgevind het nie: versameling, goddelik en lokatief.

C. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die belangrikste stimulus in die groep is emosie (85,7%). Hoewel die stimuli 'n belangrike rol speel, speel dit nie 'n determinante rol ten opsigte van die funksie van die beeldspraak nie.

2. Parallelisme

Met 90,5% vorm handeling die belangrikste parallelisme vir die vorming van beeldspraak in die groep.

3. Origo

In hierdie groep is die natuur (76,2%) die belangrikste origo van die fokus.

Omdat hierdie moderne prysliedere eposse is, is dit nie vreemd dat die natuur so 'n belangrike rol in die skepping van beeldspraak speel nie.

4. Konteks

Die konteks het in KGOSI TSHAKA 'n positiewe uitwerking op die gehalte van die beeldspraak, terwyl dit in DINGANA LE MABURU

PSOEMING VAN DIE BEELDSPRAAK IN GEDIGTE MET OOR PERSOON HANDEL																																										
						KEGOSI KRAMA		KEGOSI BA DIKOSI		Tenor		Fokus		Reël-oorskrifding		Stimulus		Parallel-		Origo		Funksie		Evaluering																		
										[N] [V]		[N] [V]		konkreet temporeel stoflik voorwerp versameling lewend menslik dierlik ding goddelik lokatief		waarneming eienskap emosie handeling		handeling eienskap waarneming emosie		natuur kultuur en lewensbeskouing emosie eienskap		konsentrering verryking verduideliking versiering		baie goed goed redelik swak baie swak																		
76,2	16	100	6	57,1	4	66,7	2	80,0	4	verskuil		66,7	4	binne TGG	12,5	1	33,3	1	100	5	66,7	2	100	5	60,0	3	40,0	2														
23,8	5			38,9	3	33,3	1	20,0	1	teenwoordig		33,3	1																20,0	1	33,3	1	33,3	1	100	5	66,7	2	100	5	40,0	2
90,5	19	100	6	85,7	6	100	3	80,0	4	[N]																																
9,5	2			14,3	1			20,0	1	[V]																																
66,7	14	66,7	4	57,1	4	66,7	2	80,0	4			66,7	2																													
33,3	7	33,3	2	38,9	3	33,3	1	20,0	1			33,3	1																													
4,1	2						28,6	2																																		
2,0	1							12,5	1																																	
2,0	1						14,3	1																																		
10,2	5	11,8	2	11,8	2	14,3	1					14,3	1																													
14,3	7	17,6	3	11,8	2	14,3	1	12,5	1			14,3	1																													
30,6	15	35,3	6	29,4	5	14,3	1	37,5	3			14,3	1																													
24,5	12	17,6	3	35,3	6			37,5	3																																	
12,2	6	17,6	3	11,8	2	14,3	1					14,3	1																													
9,5	7	16,7	1			33,3	1					33,3	1																													
4,8	1					33,3	1					33,3	1																													
85,7	18	83,3	5	100	7	33,3	1	100	5			33,3	1																													
90,5	19	100	6	85,7	6	66,7	2	100	5			66,7	2																													
9,5	2			14,3	1	33,3	1					33,3	1																													
76,2	16	83,5	5	57,1	4	66,7	2	100	5			66,7	2																													
14,3	3	15,7	1	28,7	2																																					
4,8	1					33,3	1					33,3	1																													
28,6	6	33,3	2	14,3	1			60,0	3																																	
22,8	5	50,0	3	14,3	1	33,3	1					33,3	1																													
47,6	10	15,7	1	71,4	5	66,7	2	40,0	2			66,7	2																													
14,3	3	33,3	2	14,3	1																																					
